# Vraestel: Skryf, Graad 7EAT

**Deur**: Chantel Koedyk, Laerskool Postmasburg

## INSTRUKSIES:

Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afdeling A | – | Opstel | 20 punte |
| Afdeling B | – | Transaksionele teks | 10 punte |

- Lees ALLE instruksies deeglik deur.
- Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.
- Nommer elke vraag soos dit op die vraestel genommer is.
- Voorsien elke vraag/teks van 'n gepaste titel/opskrif.
- Skryf netjies en leesbaar.

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

Kies EEN onderwerp en skryf 'n opstel van 130 – 160 woorde oor dié onderwerp. Skryf die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

**Graad 7**

1.1 'n Spookstorie

**OF**

1.2 Die perfekte dag

**OF**

1.3 My beste vriend/vriendin


**OF**

1.4 Die ideale verjaardaggeskenk

**OF**

1.5 Ek weet baie van ...





**[20]**

# AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

Kies EEN onderwerp en skryf 110 – 120 woorde oor dié onderwerp. Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy is reeds vyf dae met vakansie. Daar is nog drie dae van die vakansie oor. Skryf 'n brief aan jou beste maat waarin jy vir hom/haar vertel wat jy alles sover doen en wat jy beplan om die res vir die res van die vakansie te doen. Jy mag kies waar jy met vakansie is.

## RIGLYNE:

- Jou eie adres en die datum kom regs bo-aan die bladsy.
- Die aanhef (byvoorbeeld: "Liewe Susan" of "Beste André"), elke paragraaf en die slot begin teen die kantlyn.
- Daar is geen punktuasie in die adres, aanhef en slot nie.
- 'n Brief bestaan uit minstens drie paragrawe: 'n inleiding, liggaam en slot.
- Laat 'n reël oop na elke paragraaf.
- Jou brief moet uit 110 – 120 woorde bestaan. Die adres word nie by die woorde ingetel nie.

**OF**

**2.2 INSTRUKSIES**

Jou ma het sopas 'n nuwe slimfoon gekry en het geen idee hoe dit werk nie.
Skryf vir jou ma instruksies oor EEN van die volgende:

- Hoe om jou ouma se nommer in haar kontaklys te soek en te skakel.
- Hoe om 'n Whatsapp-boodskap te lees en daarop te antwoord (*reply*).
- Hoe om 'n foto te neem en dit vir een van haar kontakte aan te stuur.

## RIGLYNE:

- Jou instruksies moet 110 – 120 woorde lank wees.
- Skryf 'n verduidelikende opskrif sodat jou ma presies weet waarvoor die instruksies is.
- Gee die instruksies stap vir stap en in die regte volgorde.
- Instruksies moet in die vorm van 'n opdrag wees – skryf bevelsinne. (Probeer om elke aanwysing met 'n werkwoord te laat begin.)

**[10]**
**TOTAAL: 30**

